

## Sondag 17 Februarie

**Skrifgedeelte: Numeri 14:10b-45**

**Fokusgedeelte: Numeri 14:10b-45**

### **Liefde en reg gelyktydig gehandhaaf**

Wat doen God as sy volk nie uit geloof wil lewe nie, en as hulle Hom en sy goedheid minag?

Ja, Hy bly liefdevol lankmoedig. Daar kom egter 'n ook 'n dag van regstoepassing en straf – 'n dag van afrekening en verdelging – al raak dit die mense wat Hy met soveel moeite en geduld uit Egipte verlos het. God wil dat ons Hom altyd vir sy verlossing en sorg eer en dank. God wil dat ons gelowig en gehoorsaam sal bly bid en veg.

Die Here ons God kan nie misluk nie. Hy sit sy werk voort met Moses en die ware gelowiges. Maar ook Moses sou later faal. Daarom stuur God 'n “tweede Moses” wat sy wêreldwye volk sal verlos en ewig sal lei. 'n Volk rein gewas in Jesus Christus en opgewek tot geloof en gehoorsaamheid deur die Heilige Gees.

Tog wonderlik dat ongelowiges later sal probeer om tog die koninkryk in te gaan. Toe Israel God se oordeel bemerk, sê hulle: Ons was verkeerd, ons wil nou optrek. Maar toe was dit te laat. Hulle kon nie meer die beloofde land ingaan nie en is verslaan.

So sal ons ook eendag nie kan aanklop om dan in te gaan nie. Dis nou die tyd om in geloof te besluit. Daar moet nou in die hede van genade gekies word. Ja, die gelowiges sal die nuwe hemel en nuwe aarde beërwe, maar die ongelowiges sal verdelg word (Op. 22:10 ev).

*Sing: Skrifberyming 45:1, 12*

*Dr. NP Heystek (Klasie) (Emeritus)*